
# Die Eendjienuus

Uitgawe 28: 29 Augustus 2025



## Belangrike inligting:


| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Melodrama | Bl. 10 |
| Gholfdag | Bl. 12 |
| Toetsrooster | Bl. 13 |



# Uit die kantoor

- Die twintigste ITEC Pietie Coetzee hokkietoernooi is verlede naweek met groot sukses by die skool aangebied. Tien spanne het aan die toernooi deelgeneem. 'n Groot dankie aan ITEC, ons hoofborg van die toernooi, vir hul ongelooflike borgskap en betrokkenheid by ons skool.

  Oranje se o. 13A-span behaal 'n derde plek tydens die toernooi en het 'n brons medalje verower. Veels geluk aan mnr. Gys van Schalkwyk (afrigter), mev. Engela le Roux (spanbestuurder) en aan elke speler wat haar beste gelewer het. Oranje is trots op julle!

  Baie dankie aan mevv. Rochelle Coetzer, (bemarker), Engela le Roux (hokkiehoof), Chandriné Jones (sportorganiseerder) en die komitee vir julle harde werk met die organisering van die toernooi. Baie dankie aan mev. Talisha Forster vir die pragtige blomme tydens die opening. Dankie aan al ons ouers en dogters wat Oranje se spanne ondersteun het.

- Die o. 13A- en B-tennisspanne het verlede week aan die die NWU Eagles Prestige Multi Surface Tennistoernooi, in samewerking met Laerskool Mooirivier, deelgeneem. Die A-span behaal 'n eerste plek en die B-span 'n derde plek. Baie geluk aan elke dogter asook hul afrigter mnr. Heinrich Willemse en me. Margarete Swart, spanbetuurder, met die pragtige prestasies.

- Die redenaars finaal het Maandag en Dinsdag in die Rachel Steynsaal plaasgevind. Baie geluk aan al die dogters wat deelgeneem het en hul sê gesê het. Julle het uitstekend gepraat. Uitslae op bladsy 7.

- Die tennis- en hokkiespanne het dié week weer pragtig presteer tydens dié week se ligawedstryde. Oranje is trots op julle! Uitslae op bladsy 4.

- Baie sterkte aan ons dogters wat Saterdag aan die Racket Rascal liga deelneem.

# BELANGRIK

29 Augustus: Gr. 2 Koekverkoping
Skool verdaag 13:00

1 September: Lentedag: Trek vrolik aan met Crazy Hair and Leg Day
Tennisliga o. 13A: OMS 1 vs Willem Postma
OMS 2 vs Trompsburg 1
Eunice 1 vs OMS 3
Hokkieliga: o.12A en o. 13A vs Pres. Brand

2 September: Voedselprojek Gr. 4A
Graad 6: Buitelugskool vertrek
Tweekampliga 1

3 September: Sekretaressedag
Gr. 6 Buitelugskool

4 September: Voedselprojek Gr. 4B
Gr. 6 Buitelugskool
Hokkieliga: OMS vs Fichardtpark (behalwe o.12 & o. 13)

5 September: Gr. 6 Buitelugskool
BOK-Vrydag
Skool kom 13:00 uit

6 September: Tannie Susan verjaar (Preprimêr)
Landloop SA's in Mpumalanga
Hokkie o.10A&B tot o. 13A&B vs Lynnwood

7 September: Juf. Mariana verjaar (Middagstudie)

8 September: Public Speaking
English Week: Milkshake Day Gr. 1-3
Alphabet Day Gr. 1-7
Tennisliga: Fichardtpark 1 vs OMS 1
Willem Postma vs OMS 2
OMS 3 vs Trompsburg 1
Eunice 1 vs OMS 4

# Hokkie

Jim Fouché hokkiedag, Saterdag, 23 Augustus:

| Span | Speel | Wen | Verloor | Gelykop |
|---|---|---|---|---|
| o.7C | 4 | 4 | 0 | 0 |
| o.7D | 4 | 4 | 0 | 0 |
| o.7E | 4 | 2 | 2 | 0 |
| o.7F | 4 | 1 | 2 | 1 |
| o.8C | 4 | 3 | 1 | 0 |
| o.8D | 4 | 4 | 0 | 0 |
| o.8E | 4 | 1 | 1 | 2 |
| o.9C | 4 | 4 | 0 | 0 |
| o.9D | 4 | 4 | 0 | 0 |
| o.9E | 4 | 3 | 1 | 0 |
| o.10C | 4 | 3 | 1 | 0 |
| o.10D | 4 | 3 | 0 | 1 |
| o.10E | 4 | 2 | 2 | 0 |

Ligawedstryde teen Eunice en Willem Postma, 26 Augustus:

| Span | OMS | WP |
|---|---|---|
| o.12A | 0 | 1 |
| o.12B | 5 | 0 |
| OMS o.13A vs Eunice | | |
| Span | OMS | Eunice |
| o.13A | 3 | 1 |

Ligawedstryde teen Fichardtpark 27 Augustus:

| Span | OMS | FHP |
|---|---|---|
| o.12A | 0 | 0 |
| o.12B | 5 | 0 |

Ligawedstryde teen Jim Fouché, 28 Augustus:

| Span | OMS | JF |
|---|---|---|
| o.7A | 5 | 1 |
| o.7B | 6 | 2 |
| o.8A | 6 | 0 |
| o.8B | 4 | 0 |
| o.9A | 3 | 2 |
| o.9B | 3 | 0 |
| o.10A | 6 | 2 |
| o.10B | 7 | 0 |
| o.11A | 1 | 0 |
| o.11B | 2 | 0 |
| o.12A | 12 | 0 |
| o.12B | 7 | 0 |
| o.13A | 9 | 0 |

# Hokkie

Pietie Coetzee hokkietoernooi:

OMS speel gelykop teen Eversdal 0 - 0
OMS wen Union 4 - 0
OMS wen Clarendon 4 - 0
OMS speel gelykop teen Menlopark 0 - 0

OMS speel in die semi-finaal teen Eunice en die eindtelling is 0-0. Dit beteken dat die wedstryd na "shoot outs" gaan en OMS verloor 2-1 teen Eunice.

OMS speel uit vir derde en vierde plek teen Eversdal. OMS wen 1-0 en verower die brons medalje, dus 'n derde plek in die toernooi.

OMS het ongelooflike goeie hokkie gespeel. Die toernooi se hokkie was van uitstaande gehalte en enige span kon die trofee verower het. Ons is baie trots op elke o.13A speler wat hulle beste gelewer het en baie goeie hokkie gespeel het.








# Sport

# Tennis

<u>0.13 Tennistoernooi: Uitslae 2025 NWU Eagles Tennistoernooi</u>

Vanaf Woensdag 20 Augustus – 23 Augustus neem Oranje se A- en B-spanne vir die eerste keer deel aan die Laerskole Multi-surface tennistoernooi in Potchefstroom. Die dogters het op klei-, harde- en gras-oppervlakte gespeel. Die uitslae lyk soos volg:

<u>Oranje A</u>
Wen teen Mooirivier o. 11 met 12 punte teenoor 0.
Wen teen Oranje B met 12 punte teenoor 0.
Wen Mooirivier A met 10 punte teenoor 2.
Wen Mooirivier B met 12 punte teenoor 0.
Wen Vastrap met 12 punte teenoor 0.
Wen die gekombineerde span met 12 punte teenoor 0.

<u>Oranje B</u>
Verloor teen Mooirivier A met 10 punte teenoor 2.
Verloor teen Oranje A met 12 punte teenoor 0.
Wen teen Vastrap, met 62 potte teenoor 56.
Wen teen Mooirivier B met 12 punte teenoor 0.
Verloor teen die Gekombineerde span met 10 punte teenoor 2.
Wen Mooirivier o. 11 met 12 punte teenoor 0.

Al 7 spanne het teen mekaar gespeel en al die punte word dan bymekaar getel. Oranje A eindig 1ste in die toernooi en die B-span eindig 3de.

Om op die 3 oppervlaktes te kon speel was vir die dogters baie lekker gewees en hulle het dit vreeslik geniet. Almal stem saam, die klei-oppervlakte was die beste gewees. Ons dogters het hulle baie mooi gedra en ons is trots op ons eendjies! Baie geluk!

<u>Tennisliga, Maandag, 25 Augustus:</u>

OMS 1 het teen OMS 4 gespeel en met 73 spelle gewen.
OMS 2 het teen OMS 3 gespeel en met 17 spelle gewen.
Die dogters het baie mooi gespeel. Baie geluk!

# Swem

Die volgende dogters het op 23 Augustus aan die Kovsie Gala deelgeneem en soos volg presteer:

<u>Lily Erasmus</u>

| | | |
|---|---|---|
| 100m | Rugslag | 3de |

<u>Aruana van der Westhuizen</u>

| | | |
|---|---|---|
| 50m | Borsslag | 7de |
| 100m | Vryslag | 8ste |
| 100m | Borsslag | 8ste |
| 50m | Vryslag | 12de |

# Nautilus

Saterdag, 23 Augustus, het die derde Nautiluskamp plaasgevind. 21 dogters van Oranje het ingeskryf. Baie geluk aan Iné Boshoff, graad 4, wat 'n gesamentlike tweede plek behaal het en Dienie Hardie, graad 6, wat 'n gesamentlike eerste plek behaal het. Oranje is baie trots op julle.

# Dans

Die volgende dogters het op 23 Augustus aan die Unique Dance Xtravaganza in Johannesburg deelgeneem en soos volg presteer:

Denise Breytenbach:

| | |
|---|---|
| Championship Freestyle Solo | 4de |
| Championship Slow dance Solo | 4de |

Roselynn van Niekerk:

| | |
|---|---|
| 10 tot 11 jaar Champ Freestyle Solo | 1ste |
| 10 tot 11 jaar Champ Slow dance | 1ste |
| 11 jaar en jonger Unique Achiever | 6de |
| 12 tot 15 jaar Champ FS Couples | 1ste |
| 12 tot 15 jaar Novice Rock & Roll | 1ste |
| 8 tot 12 jaar Champ Disco Solo | 3de |
| 10 tot 12 jaar Champ Disco Slow | 2de |

# Perdry

Mia van der Merwe het op 23 Augustus aan die Maple Ridge Pre Show Jumping Challenge skou in Johannesburg deelgeneem. Sy en haar ponie, Ride Away Topaz, het in die 90cm spring klasse deelgeneem en 'n 2de en 3de plek behaal.

# Musiek

Die volgende dogters het aan die Unisa Klaviereksamens deelgeneem en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| Wilmi Strauss | Onderskeiding |
| Lané Kanfer | Meriete |
| Miané Wessels | Onderskeiding |

Miané het 95% behaal en word as een van die land se toppresteerders op die ererol van Unisa aangeteken.

Baie geluk aan hierdie drie dogters met jul puik prestasies.



# Gimnastiek

Die volgende dogters het op 23 Augustus aan die Vrystaat Artistiese kompetisie deelgeneem en soos volg presteer:

Dominique Kordom, Vlak 5 - 13 jaar:

| | |
|---|---|
| Spronge | 1ste |
| Brug | 2de |
| Balk | 5de |
| Vloer | 2de |

Adriana Burger, Vlak 7 - 12 tot 13 jaar:

| | |
|---|---|
| Balk: | 2de |
| Vloer: | 2de |
| Spronge: | 2de |
| Brug: | 1ste |
| Algeheel: | 2de |

# Algemeen

# Redenaars

Op 25 en 26 Augustus was dit die skool se jaarlikse redenaarsfinaal. Daar het 23 brawe eende deelgeneem en hulle sê kom sê. Baie geluk aan elke dogter wat deelgeneem het.
Die uitslae was soos volg:

Graad 1-3
1. Ana Serfontein
2. Mianè Wessels
3. Emma Odendaal
4. Alta Snyman
5. Lika Odendaal
6. Livia Wege-Garvie
7. Haley-Aleah Human
8. Lia Wandrag
9. Lisa de Vos
10. Leah Greyling





Graad 4-5
1. Emma Jacobs
2. Z'ney Piechaczek
3. Nea Cloete
4. Lea Cilliers
5. Anje Lubbe
6. Liesel Hardie

Graad 6-7
1. Mia Jacobs
2. Carinke Wessels
3. Mia Haswell
4. Jana Nel
5. Dienie Hardie
6. Genevieve Goodchild
7. Sanmiri Pretorius



# Santam Kinderkuns

Baie geluk aan die volgende dogters wat deelgeneem het aan die Santam Kinderkuns Kompetisie:

Ané Potgieter

Kara Pienaar

Emma Olivier

Margerethe du Plessis

Livvy Botha

Anné Grobler

Adriana Burger

Mienke Wiese

Anné Potgieter

Die dogters se werk kan in 2026 aanlyn gesien word.


PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE
Lentedag
SAAM MET
"Crazy Hair & Legs"
MAANDAG, 1 SEPTEMBER
Trek jou vrolike blomme saam met jou mal hare en besige kouse aan.
Dit is gratis om hierdie dag te vier.


Somersdrag
Vanaf
Dinsdag, 2 September
mag dogters pampoenrokke aantrek. Indien dit nog koel is, mag dogters skoolbaadjie saam met rok aantrek.
ORANJE
VOORUIT
1907


Pre-order your milkshake for English week.
Bob's Gourmet Milkshake Bar
Chocolate/Strawberry/Bubblegum with candy floss
Oreo condensed milk / Choc chip cookie dough
Medium : R60
Large : R80
Gr.1-3 receive on 8 September
Gr.4&5 on 9 September
Gr.6&7 on 10 September
Karri will open on 22 August until 4 September.


Oranje gaan GROEN vir die Bokke!
Vrydag, 5 September
Ondersteun die Springbokke vir die rugby en dra jou beste groen/springbok uitrusting .
Dit is gratis om hierdie dag te vier in jou groen klere.



Kaartjies beskikbaar op Karri of by skoolkantoor. Slegs kaartfasiliteite by kantoor.
1907
1907
Laerskoolleerders - R50
Hoërskoolleerders - R70
Volwassenes - R70
ML Spiessaal - 18:00 vir 18:30
Snoepie beskikbaar
Donderdag
11 Sept. 2025
Primêre Meisieskool Oranje Melodrama
AFRIKAANS IS 100
Oranje gaan groot...



# Gedagte vir die week

## Seisoene

Na die winter stuur God die lente. Die lente is 'n seisoen van hoop en vreugde en opgewektheid; oral om ons is daar iets moois om te sien en aan te raak en te hoor.

Ongeag hoe miserabel en moedeloos ons dalk voel, word nuwe hoop gebore wanneer ons groen blare aan 'n boom sien bot, of wanneer ons sien hoe 'n klein blommetjie deur die gevriesde grond boontoe beur en sy blaaroë met groot verbasing wyd op God rig ... Want dit is net God wat sê: "Lig jou oë na My en die kilheid van jou siel sal soos die boom vol lentebloeisels sy winterduister afgooi en jou swaar hart sal sing."

God stuur nooit die winter sonder die vreugde van die lente nie. (Helen Steiner Rice)

*~ Troy Johnsen ~*

*Wysheid uit die woord*

# Lief en Leed

Ons dink aan Hanne en Kaylee Ross en hulle familie met die afsterwe van hulle ouma.




# Advertensies

# Toetsrooster : September 2025

| ◄ Aug 2025 | September 2025 | | | | | Okt 2025 ► |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ma** | **Di** | **Wo** | **Do** | **Vr** | **Sa** | **So** |
| | **16**<br>IF: Toets<br>**Gr.7: Engels Lit.** | **17**<br>**IF: Toets**<br>**Gr.4: SW Aard**<br>**Gr.5: Wiskunde**<br>**Gr.6: SW Aard**<br>**Gr.7: Wiskunde** | 18<br>**IF: Toets**<br>**Gr.6: SK Prakties**<br>**Gr.7: SW Aard** | 19<br>**IF: Toets**<br>**Gr.4: NWT**<br>**Gr.5: SK Prakties**<br>**Gr.6: NWT**<br>**Gr.7: SW Gesk** | **20** | **21** |
| **22**<br>**IF: Toets**<br>**Gr.4: SW Gesk**<br>**Gr.5: NWT**<br>**Gr.6: SW Gesk**<br>**Gr.7: NW** | **23**<br>**IF: Toets**<br>**Gr.4: Wiskunde**<br>**Gr.5: SW: Gesk**<br>**Gr.6: Wiskunde**<br>**Gr.7: Afr. Lit** | **24**<br>Erfenisdag | **25**<br>Jaarbladfoto's: (Staties: 08:00-12:00)<br>Atletiek: Talent identi-fisering 12:00<br>Tegnologie prakties gr.7 12:00 | **26**<br>**Trek volgens jou kultuur aan.** | **27** | **28** |